

VAN STAMVERWANTE BODEM

In resente uitgawes van die maandblad *Zuid-Afrika* (Amsterdam) is besprekings gepubliseer aangaande die volgende geskiedkundige werke wat onlangs in ons land die lig gesien het. In die Januarie-uitgawe 1969 het mnr. G. J. Schutte *Die Kaapse Patriotte gedurende die laaste kwart van die agtiende eeu en die voortlewing van hul denk-beelde* (dr. Coenraad Beyers, Pretoria, 1967) bespreek, terwyl jonkheer prof. dr. P. J. van Winter *Vyfhonderd jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis* van prof. dr. C. F. J. Muller e.a. (Pretoria, Kaapstad, 1968) aan die Nederlandse belangstellendes voorgelê het. In die Maartuitgawe 1969 het mnr. P. Korthuys sy oordeel uitgespreek oor die neerslag van die Nederlandse skrywer Willem Brandt se indrukke van ons land wat onder die titel *Zuid-Afrika, een reisjoernaal* by die Hollandia-uitgewery (Baarn, 1969) verskyn het.

Ongetwyfeld word op hierdie wyse die lees van geskiedkundige werke wat in ons land verskyn het, of wat oor ons land handel deur die redaksie van bogenoemde maandblad in Nederland en elders bevorder.

Vermelding verdien ook die artikel *Herinnering* soos verskyn in *Beelden uit Zuid-Afrika* (Brussel, nr. 3, 1969) waarin interessante besonderhede vermeld word aangaande herinneringe in België aan ons verlede m.b.t. die Tweede Vryheidsoorlog en die Z.A.R.

In *Elseviers Weekblad* van 22 Februarie 1969 kom 'n vraagggespruk met prof. L. de Jong m.b.t. sy jongste werk, deel I van die reeks *Het Koninkrijk der Nederlanden in de Tweede Wêreldoorlog* voor. Die betrokke deel dek die jare wat aan die Tweede Wêreldoorlog voorafgaan is, deur die Staatsdrukkery (Den Haag) uitgegee (pp. 664) en het gelyktydig verskyn met 'n uitgawe wat van verwysings voorsien is (M. Nijhoff, Den Haag). Sedert 1945 is dr. De Jong hoof van die *Rijksinstituut voor Oorlogsdocumentatie* (Den Haag) terwyl hy sedert September 1967 as buitengewone hoogleraar in die algemene geskiedenis van die ongeste tyd (Rotterdam) optree. M.b.t. kontemporêre geskiedenis het prof. dr. De Jong tydens die onderhoud (p. 30) verklaar dat vroeër van die standpunt uitgegaan is dat dit eers twee geslagte later moontlik sou wees om 'n objektiewe beeld van die verlede te gee. 'n Afstand van 60—70 jaar moes bewaar word. Aan hierdie standpunt is na die Tweede Wêreldoorlog vaarwel gesê, ookal omdat van die gedagte uitgegaan is dat *deugdelijke geschiedschrijving met een schat aan informatie op militair en civiel gebied de overheid miljoenen kan besparen*.

Onlangs is besluit dat die Historisch Genootschap (Utrecht) en die *Nederlands Comité voor Geschiedkundige Wetenschappen*, die oprigting waarvan onderskeidelik van 1845 en 1929 dateer, 'n betere toekoms sal tegemoetgaan indien hulle saamsmelt. As gevolg van hierdie gedagtegang het in 1968 die *Nederlands Historisch Genootschap* ontstaan. Oor hierdie verloop van sake het, van die hand van A. M. van der Woude 'n bydra in *Spiegel Historiaal* (Bussum, jg. 4, nr. 1, Maart 1969, pp. 185—186) verskyn.